

Gereformeerde Kerk Bellville – 9 September 2018 – Aand

Sing vooraf staande: Skrifberyming 9-2:1, 6, 9 (Sb 26 2de beryming)

- 1 God het gesê: “Ek is die Here / wat jou uit sondeslawerny gelei het na 'n nuwe lewe. / Jy mag geen god hê, buiten My!”
- 6 Jy mag nie doodslaan of jou wreek nie, / maar liefde moet jou lewe rig. Jy mag die egband nie verbreek nie, / behou wat God in liefde stig.
- 9 Deur u volmaakte wet, o Here, / ontdek ons steeds ons sondigheid; u Gees bring ons die heil in Christus / dat ons kan leef uit dankbaarheid.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Psalm 149:1, 2 (p. 715)

- 1 Sing tot Gods eer met lof en dank / 'n nuwe lied met nuwe klank, / o al sy gunsteling! Laat Isr'el voor sy Maker juig, / laat Sion voor sy Koning buig, / die HEER van alle dinge!
- 2 Hul moet sy Naam en roem laat hoor / in feesgesang en sangerskoor, / met harp en trommelslae! Die HEER 't sy volk weer guns betoon, / sagmoediges met heil gekroon / uit vrye welbehae.

Gebed

Psalm 128:1, 2 (p. 627)

- 1 Wie deur Gods vrees bewoë, / trou op die weg wil gaan, waar hom Gods wil voor oë / en klaar getekend staan die arbeid van sy hande / sal hy met vreug geniet wanneer die koringlande / met seen hul oprings bied.
- 2 Soos ons met welgevalle / die wingerdstok aanskou, en tel die trossetalle / wat ons die blare^oontvou so sal sy in jou lewe, / die huisvrou van jou jeug, aan jou die volheid gewee / van huiselike vreug.

Skriflesing: Efesiërs 5:15-32; Heidelbergse Kategismus, Sondag 41:108

Kernvers: Efesiërs 5:22-24

Vroue, wees aan julle eie mans onderdanig, soos aan die Here. Want die man is die hoof van die vrou, soos Christus ook Hoof is van die gemeente; en Hy is die Verlosser van die liggaam. Maar soos die gemeente aan Christus onderdanig is, so moet die vrou dit ook in alles aan hul eie mans wees. (Efesiërs 5:22-24 AFR53)

Heidelbergse Kategismus

Vraag 108: Wat leer die sewende gebod ons?

Antwoord: Alle onkuisheid is deur God vervloek (a), en daarom moet ons dit hartgrondig haat (b). Daarenteen moet ons kuis en ingetoë lewe (c) sowel binne as buite die huwelik (d).

(a) Lev 18:28. (b) Jud 1:23. (c) 1 Tess 4:3-5. (d) Heb 13:4; 1 Kor 7:7.

Tema: 'n Gelowige vrou leef kuis en ingetoë met haar eie man

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus, verlede Sondag het ons gehoor hoe die Here sê die man sal kuis en ingetoë met sy eie vrou in die huwelik lewe. Vanaand kom ons by die tweede deel in hierdie kort reeks aan die hand van die sewende gebod. Ons wil by die Here leer hoe 'n gelowige vrou kuis en ingetoë met haar eie man in die huwelik sal lewe.

Net soos wat die man by Christus moet leer hoe om kuis en ingetoë met sy vrou in die huwelik te lewe, so moet die vrou ook by Christus leer. Die Here se besondere opdrag aan die man in die huwelik is dat hy sy vrou moet liefhê soos wat Christus die gemeente liefhet. Die Here se besondere opdrag aan die vrou in die huwelik is dat sy onderdanig moet wees aan haar eie man soos die gemeente aan Christus onderdanig is.

Deesdae as vroue hoor dat hulle onderdanig moet wees, begin hulle sommer dadelik hulle stemme dik maak. Baie gou sal hulle vir jou wil sê dit is outyds om te sê dat 'n vrou onderdanig moet wees. Dit het so gewerk in die dae toe mans alles oorheers het. Dit werk nie vandag meer so nie. Oor baie jare het die sogenaamde vrouevryheidsbeweging daarvoor geywer dat die onderskeid tussen die geslagte uit die weg geruim word. Vroue moet dieselfde werk doen as wat mans tradisioneel gedoen het. Hierdie wegneem van die onderskeid tussen vroue en manne het nie net in die werkplek gebly nie. Met die tyd saam is die uit-wissing van die onderskeid ook in huwelike en in die kerk van die Here ingedra. Daarom word daar geargumenteer dat vroue ook predikante en ouderlinge en diakens behoort te wees in die kerk. En in die huwelik moet daar niemand wees wat die gesag dra nie. Die man en vrou moet eerder aan mekaar onderdanig wees.

Broers, susters en kinders, dit is inderdaad so dat gelowiges aan mekaar onderdanig behoort te wees omdat hulle Christus eerbiedig. Dit is wat die Here aan die gelowiges sê in vers 21 voordat Hy die gelowiges onderrig oor hulle optrede teenoor mekaar in drie verskillende verhoudings. Voordat ons luister hoe die vrou aan haar eie man onderdanig moet wees, moet ons net eers duidelikheid kry oor wat met onderdanig bedoel word en wat nie daarmee bedoel word nie.

Wanneer gelowiges aangesê word om aan mekaar onderdanig te wees, gaan dit daaroor dat 'n gelowige 'n lewenstyl handhaaf wat radikaal verskil van wat in die wêreld bekend is. Mense wie se lewens deur die wêreldse manier van doen beïnvloed word, wil nie ondergeskik wees aan ander mense nie. Hulle wil baas wees en die bevele gee. Die Here leer sy dissipels dat dit eerder oor die belange van die ander mense gaan as oor jou eie belange. Dit wil sê, 'n gelowige is iemand wat gewillig en bereid is om ander gelowiges te dien en na hulle belange om te sien.

Dit is die voorbeeld wat Jesus vir sy dissipels gestel het. Hy is die Here en tog is dit Hy wat die voorskoot om Hom gehang het en sy dissipels se voete gewas het. Toe Jesus soos 'n slaaf sy dissipels se voete gewas het, het Hy geensins sy gesag verloor of prysgegee nie. Hy het Here en Seun van God gebly.

Die gelowige wat ander gelowiges se belange hoër ag as sy eie belange, het nie 'n vrees dat hy sy aansien sal verloor nie. Toe Jesus Homself verneder het om as mens gebore te word in 'n stukkende wêreld, het Hy nie vasgeklou aan sy Goddelike eer asof Hy dit sou verloor nie. Hy het die Seun van God gebly ook in sy vernedering hier op aarde. Daarom is daar by die gelowige wat homself onderdanig maak aan ander gelowiges nie die vrees dat hy iets gaan verloor nie. Hy bly kind van God. Daarom is hy rustig in sy gemoed

wanneer hy onderdanig is aan iemand anders.

Hoewel gelowiges hulleself ondergeskik stel aan mekaar, soos wat Jesus hulle geleer het, beteken dit nie dat hulle nou 'n deurmatjie geword het waarvoor ander sommer loop nie. Iemand wat onderdanig is, is nie iemand wat alles maar net laat begaan nie. Paulus wat homself ondergeskik aan ander gelowiges gestel het om hulle te dien, het nie toegelaat dat die waarheid vertrap word nie. In 'n stadium het Paulus sy medeapostel ernstig vermaan omdat Petrus die waarheid van die verlossing van die heidene deur sy optrede ontken het.

Om dan saam te vat: Onderdanig wees is 'n gesindheid waarin ek ander mense se belange hoër stel as my eie. En wanneer ek iemand anders dien, is ek nie bang dat iets van my sal afval nie. Ek bly kind van God. Maar onderdanig wees beteken nie ek word 'n vloerlap vir ander mense nie en dit beteken ook nie dat daar glad nie meer gesag kan wees nie.

Dit is wat met onderdanig wees bedoel word in die algemeen. Maar wat beteken dit as die Here dan vir die vrou in besonder sê dat sy aan haar eie man onderdanig moet wees? Hierdie opdrag aan die vrou in die huwelik kom op verskeie plekke in die Nuwe Testament voor (Kol 3:18; Tit 2:5; 1 Pet 3:1-6). Wanneer die Heilige Gees die vereistes stel vir iemand wat 'n ouderling kan wees, word dit ook veronderstel. Wanneer daar gesê word dat die vrou ter wille van die man geskep is, word die onderdanigheid van die vrou veronderstel (1 Kor 11:9). Na die sondeval krap hierdie opdrag om onderdanig te wees aan 'n vrou, want haar man is ook 'n sondaar wat van nature sy eie belange eerste stel.

Luister hoe begin die besondere opdrag aan die vrou:

Vroue, wees aan julle eie mans onderdanig, soos aan die Here.
(Efesiërs 5:22 AFR53)

Die Here het 'n bepaalde orde vir die kerk en vir die huis vasgestel, sodat die man en die vrou die beeld van God kan vertoon. Dit is in Jesus Christus waar ons die beeld van God duidelik in werking sien, want die Seun is die beeld van die onsielike God. En kyk nou net wat leer ons van die beeld van God in Jesus. Alhoewel die Seun ook God is soos sy Vader en dus gelyke eer en ewige heerlikheid het soos sy Vader, onderwerp die Seun Homself aan sy Vader sodat God se verlossingsplan uitgevoer kan word. Jesus verwoord sy onderdanigheid aan sy Vader soos volg:

Ek kan uit Myself niks doen nie ... omdat Ek nie my wil soek nie, maar die wil van die Vader wat My gestuur het. (Johannes 5:30 AFR53)

Jesus het Homself volledig aan sy Vader onderwerp tot aan die kruis. Aan die kruis het Christus die skuld van sondaars betaal, sodat elkeen wat in Hom glo die ewige lewe kan kry. Christus se dood en opstanding is die hoofmoment van God se verlossingsplan. Deel van hierdie verlossingsplan is die orde wat God vir die kerk en die huis vasgestel het. Die vrou en man is gelyke persone – die man is nie belangriker as die vrou nie, want elkeen is geskep na die beeld van God, elkeen is nou 'n gevalle sondaar en ewe skuldig voor God en vir elkeen het Christus ewe veel gely.

Omdat die gelowige vrou aan God gehoorsaam is, onderwerp sy haar gewillig aan die leierskap van haar eie man soos wat sy haar gewillig aan Christus en sy heerskappy onderwerp. Sy doen dit gewillig omdat sy met die Heilige Gees vervul is. Die vrou wat haar man se leierskap uitdaag of ondermyn, verset haar teen die regering van Christus en sy

Vader. Christus het immers hierdie opdrag deur Paulus aan die vrou gegee omdat dit sy Vader se wil is.

Die Here gee self die rede waarom die vrou onderdanig moet wees aan haar eie man:

Want die man is die hoof van die vrou, soos Christus ook Hoof is van die gemeente; en Hy is die Verlosser van die liggaam. (Efesiërs 5:23 AFR53)

Die hoof is in beheer van die hele liggaam. Dit is uit jou hoof waaruit die opdrag kom dat jou hand die lepel moet neem om te kan eet. Indien jou hand nie reageer op die opdrag nie, kan jou hele liggaam nie reg funksioneer nie. En dan ly nie net die hand nie, maar die hele liggaam sowel as die hoof. Die hoof het dus gesag oor die hand. Gesag word ook ver-onderstel wanneer die opdrag gegee word dat die vrou onderdanig moet wees aan haar eie man.

Maar nou moet ons goed oplet. Die Here gee nie aan die man die opdrag dat hy hoof van sy vrou moet wees nie. Dit is 'n feit wat die Here stel. Ons manne beantwoord nie altyd volkome aan hierdie feit nie, maar dit neem nie die verantwoordelikheid van die manne af weg nie. Omdat God die man as hoof van sy vrou gestel het, bly die man sy hele huweliks-lewe verantwoordbaar voor God.

Wat beteken dit dat die man as hoof voor die Here verantwoordelik is? Ons kan dit so verduidelik: As jy die hoof van 'n afdeling by jou werk is en die afdeling het nie volledig voldoen aan die opdrag wat hulle gehad het nie, dan staan jy as hoof verantwoordelik vir die vertraging in die werk. Die hoof van die afdeling is verantwoordelik vir diegene wat onder hom werk.

In die huwelik en huisgesin is die man die hoof omdat God hom aangestel het. Daarom is die man ook voor die Here verantwoordelik vir die geestelike groei of agteruitgang in sy huisgesin. Dit beteken nie dat 'n vrou heeltemal passief moet bly as sy opmerk dat haar man nie leiding neem in hulle huisgesin se aanbidding van die Here nie. Maar op die op end gaan die Here vir die man vra: Wat het jy gedoen? soos Hy ook vir Adam gevra het.

Die hoof wil die beste hê vir die liggaam. Jou hoof gaan mos nie vir jou arm die opdrag gee om jou been af te kap nie. Jou hoof sal eerder opdragte gee wat jou hele liggaam sal bevoordeel. Die hoof deel immers in die voordeel wat elke lid van die liggaam beleef. Christus is die Hoof van die gemeente. Hy het alles gedoen wat gedoen moes word sodat die gemeente daardeur bevoordeel kan word. Hy het sy kerk verlos.

Die man as hoof is nie verantwoordelik om sy vrou te verlos nie, want dit is net Christus wat dit kan doen. Die beginsel uit Christus se hoofskap oor die kerk vir die man is dat hy as hoof so die leiding moet neem dat sy vrou en huisgesin bevoordeel word. As 'n man sy gesag as hoof misbruik om homself ten koste van sy huisgesin te bevoordeel, sal hy daarvoor ver-antwoording moet doen voor die Here. Christus het Homself vir sy kerk geoffer. Die man moet sy eie ek opoffer ter wille van sy vrou en huisgesin.

Die Here het die huwelik ingestel omdat dit nie goed is dat die mens alleen is nie. Hy het dit ingestel sodat elke man sy eie vrou kan hê en elke vrou haar eie man, want die Here wil nie hê dat die draers van sy beeld losbandig lewe en hoereer nie. Die huwelik hou dus vir die man en die vrou mooi voordele in en binne hierdie veilige Godgegewe verhouding kan hulle mekaar bystaan om die beeld van God te vertoon. Die Here het egter nog 'n doel met die huwelik en ons hoor dit in hierdie woorde:

Maar soos die gemeente aan Christus onderdanig is, so moet die vroue dit ook in

alles aan hul eie mans wees. (Efesiërs 5:24 AFR53)

Die vrou se gewillige onderwerping aan die leierskap van haar man en die man se dienende en versorgende liefde van sy vrou, is die uitbeelding van die gelowiges en die Here se verhouding met mekaar. In die wêreld geld ander beginsels. Beginsels soos die sterke oor-leef en elkeen lewe vir homself. Baie maal heers hierdie beginsels ook in die huwelike tussen ongelowige mans en vrouens. Daar is dikwels 'n magstryd wat opgelos word deur onder-handelinge en ooreenkomste, soos dit is myne en dit is joune. So gebeur dit dat elkeen maar eintlik sy eie lewe lei en vir sekere geriewe mekaar gebruik.

'n Christelike huwelik is radikaal anders as 'n wêreldse huwelik. 'n Gelowige vrou en man het nie nodig om met mekaar te kompeteer nie. Die gelowige man gaan nie sy vrou oorheers sodat sy vir elke gril en gier van hom moet spring nie. Die gelowige vrou gaan haar man ook nie manupileer om die liefde te kry wat sy nodig het nie. Die gelowige man gaan die voor-beeld van Christus volg soos wat die Heilige Gees hom met die Woord lei. Hy gaan sy vrou liefhê soos Christus die kerk liefgehad het. Die gelowige vrou gaan gehoorsaam aan die Here haarself aan haar eie man onderwerp soos wat die kerk aan Christus onderdanig is.

Die kerk kompeteer nie met die Here oor wie die gesag het nie, want Christus staan nooit sy gesag af aan sy kerk of iemand in die kerk nie. Hy oefen self sy gesag uit deur sy Gees en Woord wanneer Hy manne wat Hy geroep en aangestel het om sy gesag te bedien. Die kerk is uit dankbaarhied vir die Here se genade en liefde onderdanig aan Hom, want Hy voed en versorg sy bruid voortdurend. Met elke huwelik tussen 'n gelowige man en vrou wil die Here hierdie verhouding van Hom met sy kerk aan die wêreld ten toon stel.

Wanneer die gelowige man voortdurend bewus bly dat hy aan God verantwoordelik is oor wat in sy huwelik en gesin gebeur, sal hy hom deur die Gees laat lei om sy vrou lief te hê soos Christus die gemeente liefhet. Die gelowige man gee nie aan sy vrou die opdrag dat sy aan hom onderdanig moet wees nie. Die Here gee die opdrag aan die vrou wat deur Christus verlos is. Mag elke gelowige vrou van hierdie gemeente haarself so gewillig aan haar man onderwerp en mag elke gelowige man sy vrou so liefhê sodat Christus en die Vader verheerlik word. Wanneer 'n gelowige vrou Christus in haar huwelik gehoorsaam, leef sy kuis en ingetoë met haar eie man.

Amen!

Slotgebed

Psalm 127:1, 2 (p. 624)

- 1 Laat bouers bou al wat hul kan – / vergeefs is alles wat hul bou,
as God sy hand daaraan onthou. / Vergeefs, o wagte, waak jul dan,
as God jul nie wil gadeslaan, / sy oog nie oor die stadswal gaan.
- 2 Vergeefs om voordag op te staan, / vergeefs die werk-uur lank gemeet
en brood van smart met smart geëet, / nadat die dag al is gedaan.
God gee, hoe ander ook mag raap, / dit sy bemindes in die slaap.

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

Amen.

Gereformeerde Kerk Bellville
9 September 2018